Dinsdag 13 Oktober
Skrifgedeelte: Efesiërs 4:32 – 5:2
Fokusgedeelte: Efesiërs 5:1, 2

## Liefde is nie 'n emosie-woord nie, maar 'n werkwoord

Aartjie na sy vaartjie, is die Afrikaanse spreekwoord. Kinders trek op verskillende maniere na hulle ouers. Party in hoe hulle lyk, en ander in hoe hulle maak of praat.

Hierdie verse noem ons kinders van God. Kinders wat die voorbeeld van hulle Vader behoort te volg. Die voorbeeld van sy liefde. Dit behoort in ons gesien te word as Christene. Maar, in vandag se tyd is liefde 'n wye woord wat amper enigiets kan beteken. Meeste mense verstaan dit as 'n emosie-woord. Dit beteken een of ander vorm van omgee en jammer kry. Maar in die konteks van Christenskap is liefde 'n werkwoord.

Hierdie verse help ons om onsself hieroor te ondersoek, want die definisie van liefde word vir ons gegee. Ons moet in liefde lewe "soos" Christus ons ook liefgehad het en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het. Die angsgebed van sweet soos bloed in Getsémane was nie 'n lekker gevoel nie. Toe die spykers deur Jesus se arms en bene gaan, was dit nie 'n lekker gevoel nie. In Hebreërs 5 lees ons Hy het tydens sy aardse lewe dikwels uitgeroep in trane.

Lekker of gerief of warm emosies of wen-wensituasies het op die aarde niks met liefde te doen nie. Egte liefde word veral duidelik wanneer ek opoffer en juis niks het om te wen nie. Is jy volgens hierdie definisie lief vir jou vrou of man? Is jy lief vir jou kind of ouers? Is jy lief vir jou medelidmate? As jy sukkel, kyk na Christus wat dit vir jou moes doen en gedoen het. Dit laat jou wrewel teenoor ander verdamp. Dit maak jou sag. Dit laat jou opoffer. Nie omdat die mense om jou dit waardig is nie, maar omdat jy jou Vader en jou Verlosser navolg.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1*

*Dr. G (Griffel) van Wyk (Rustenburg)*